



In die NAAM van ...

Naam van God

In hierdie laaste stuk oor “naam” word die fokus verskerp op die “naam van die Here”. Dit moet teen die tyd duidelik wees dat die naam van God sinoniem vir Godself is. Dit wil sê, net soos God heilig is, is Sy Naam ook heilig. Byvoeglike naamwoorde wat ons op God toepas, kan net so op Sy naam toegepas word; Hy en Sy naam is aanbidlik, gevrees, geliefd, mag nie gelaster word nie. God se “naam” vertoon ook die ryke verskeidenheid wat ons reeds in ander gebruike van “naam” gevind het.

Profete praat in die naam van die Here, met ander woorde met God se gesag, maar hulle tree ook op in opdrag van of gehoorsaamheid aan die Here.

Die uitdrukking, “In/ vir God se naam”, dui ook aan dat iets of iemand as God se besitting verstaan moet word. Handeling 15:14-18 *Simeon het vertel hoe God in die begin uitgesien het om ‘n volk uit die heidene vir sy Naam aan te neem. En hiermee stem die woorde van die profete ooreen, soos geskrywe is: Daarna sal Ek terugkom en die vervalte hut van Dawid weer oprig, en wat daarvan verwoes is, sal Ek weer oprig en dit herstel, sodat die oorblyfsel van die mense die Here kan soek, en al die nasies oor wie my Naam uitgeroep is, spreek die Here wat al hierdie dinge doen. Aan God is al sy werke van ewigheid af bekend.*

Jesus kom in die Vader se Naam, met ander woorde Hy kom as God se verteenwoordiger. In God se Naam is Sy optrede gesagvol soos die naam van die Here gesagvol is. Op ‘n besondere vlak moet ons stel: Hy manifesteer en verklaar die naam van die Here. Daar is al verwys na die stelling dat God se Naam Sy gekeerdheid na die mens is, Sy menskant. In Jesus het God in die

besonder na die mens gedraai en Homself as genadige God openbaar. Die naam Jesus Christus is daarom nou ook God se naam en dui op die aard van God se gekeerdheid na die mens. Al bly God die Heilige, het Hy mens geword. Ons kan nie alles weet oor God nie, maar in die naam Jesus Christus leer ons van God in Sy Liefde.

Christus se naam is ook God se Naam. Jesus se persoon, naam en werk is onlosmaaklik aan God verbind in die Nuwe Testament. Jesus kom in die naam van die HERE, net Hy kan dan hierdie gerigtheid tot die mens verwoord en vergestalt.

Om in Jesus se naam te glo is om te aanvaar dat Hy Messias en Redder is en derhalwe om in Hom te glo. Naam en Verlosser self is wissel terme wat vyf keer in die Johannes Evangelie voorkom.

Om in **die Naam van die Here te doop**, het drie moontlike betekenis. Handeling 10:48 *Niemand kan tog die water weer (keer), dat hierdie mense, wat net soos ons die Heilige Gees ontvang het, nie gedoop word nie? En hy het beveel dat hulle gedoop moet word in die Naam van die Here.* Toe het hulle hom gevra om nog ‘n paar dae te bly. Die 1983-vertaling vertaal die woord “Here” met Jesus Christus. Dit is omdat daar verskillende tekskritiese variante is waaronder *kυριου, κυριου Ιησου, κυριου Ιησου Χριστου* en *Ιησου Χριστου*. Die basiese betekenis bly dieselfde en die woorde kan waarskynlik sonder betekenis verlies uitgeruil word. Dieselfde persoon en dieselfde gesag is ter sprake. Die kern van die argument is dat op gesag van Jesus gedoop word. Die Griekse *εν τω ονοματι του κυριου* slaan op die Hebraïese *Be - ב*. Jesus is die gesagvolle een wat die doop waarde gee.

Dit dien vermeld te word dat hierdie teks van groot belang kan wees in enige debat

met diegene wat aanvaar dat die Heilige Gees tydens doopgeleenthede skouspelagtig ontvang word. In die teksgedeelte ontvang mense die Heilige Gees en dan word hulle op gesag van Jesus Christus gedoop. 'n Volgende betekenis van "in die naam" dui op gesag wat aanvaar word.

Handelinge 2:38: και βαπτισθητω εκαστος υμων **ΕΠΙ** τω ονοματι ιησου χριστου εις αφεσιν αμαρτιων και ληψεσθε την δωρεαν του αγιου πνευματος - *elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang.* Hierdie gebruik van "in die naam" dui op gesag wat **aanvaar word**. Om te parafreseer, kan ons stel hierdie gedeelte moedig mense aan; Laat julle doop rustend/ vertrouend/ toegewy aan die naam van Jesus. Om in hierdie Naam gedoop te word, bring vergewing.

Handelinge 8:16, βεβαπτισμένοι ὑπῆρχον **εἰς τὸ ὄνομα** τοῦ Κυρίου Ἰησοῦ 19:5 **εἰς τὸ ὄνομα τοῦ Κυρίου** Ἰησοῦ, asook Matteus 28:19 απτίζοντες αὐτοὺς **εἰς τὸ ὄνομα τοῦ** Πατρὸς καὶ τοῦ Υἱοῦ καὶ τοῦ Ἁγίου Πνεύματος. Hierdie tekste wys op uiterlike eenheid met Christus.

Matteus 28:19 is van besondere belang. Die teks dui nie net op 'n eenheid met Christus nie, maar is ook bepalend ten opsigte van ons verstaan van die Triniteit. Die woord ὄνομα kom net een keer voor en wys op eenheid van Vader Seun en Gees. Ons doop in die naam van die Vader, en die Seun, en die Heilige Gees. Ons doop nie in die naam van die Vader, en in die naam van die Seun, en in die naam van die Heilige Gees nie. Dit is duidelik dat die NAAM Vader, Seun en Gees insluit as God se gekeerdheid na die mens.

Optree in die Naam van... Ons kan hierdie term nie los van Ou Testament verstaan nie. Dit word in die Nuwe Testament gebruik om gesag of mandaat aan te dui, maar is nie 'n magsformule nie. Daar is aanduidings dat dit later dalk so 'n towerspreuk geword het nie. Die

Nuwe Testament verstaan enige optrede in Jesus se naam as optrede wat neerkom op deelname in gesag, op gesag van of op grond van die gesag van of selfs namens. Markus 9:38 τινα ἐν τῷ ὀνόματί σου ἐκβάλλοντα δαιμόνια *iemand gesien wat in u Naam duiwels uitdryf.*

In die Johannes-evangelie is "in die naam van Jesus" aanduiding van **geestelike eenwording**, om jouself met Hom te vereenselwig.

In Handelinge 9 word "naam" gebruik om 'n instrument aan te dui. "**επαρρησιασατο εν τω ονοματι του ιησου**" *Maar Bárnabas het hom geneem en na die apostels gebring en hulle vertel hoe hy op die pad die Here gesien het en dat Hy met hom gespreek het, en hoe hy in Damaskus vrymoediglik in die Naam van Jesus gespreek het.* Hy het die naam van Jesus verkondig en dit beteken Hy het Jesus verkondig.

Sekere tekste is baie ingewikkeld en meer as een verbintenis is aanduibaar. Dit is selfs moontlik om aan te dui dat "naam" eiendom aandui: Markus 9:41 (ος γαρ αν ποτιση υμας ποτηριον υδατος **εν τω ονοματι μου** οτι χριστου εστε αμην λεγω υμιν ου μη απολεση τον μισθον αυτου - *want elkeen wat vir julle in my Naam 'n beker water gee om te drink, omdat julle aan Christus behoort*) se verbinding van "in Sy naam water gee" met "omdat julle aan Christus behoort" (οτι χριστου εστε) dui die dissipels aan as Sy eiendom met ander woorde elkeen wat as Sy eiendom water gee. Dieselfde sin kan egter ook verstaan word as 'n sin wat gevolg aandui. So gebeur dit dan dat mense wat Christus se eiendom is, op grond van daardie feit, 'n sekere optrede openbaar.

Die kan egter ook beteken "op grond van toewyding aan Christus". Met ander woorde om Christus onthulwe soos blyk uit Matteus 18:5 και ὃς ἐὰν δέξηται παιδίον τοιοῦτον ἐν **ἐπὶ τῷ ὀνόματί μου**, ἐμὲ δέχεται *En elkeen wat een van sulke kindertjies in my Naam ontvang, ontvang*

My. Hierdie is 'n komplekse verbintenis wat baie meer aandag verdien as wat hier gegee word. Hierdie stelling kan beteken dat die "in Sy naam" op grond van Sy gesag gedoen word. Dit kan ook beteken dat die optrede toewyding aan Hom toon. Die teksdiepte word gevind in die eenvoudige stelling "ontvang My". Hierdie stelling se sirkel van "in Sy naam" en "ontvang Hom", sal eksegeties dieper ondersoek moet word. Ons verstaan reeds dat "in Sy naam optree" beteken om op te tree "vertrouend op Sy gesag", op Hom as Messias.

Geestestoestand. "In Sy naam" kan ook beteken "met wese gerig op Hom" of "met Hom in gedagte" soos dit gebruik word in die sin om "in die naam van Jesus byeen te kom". (Matteus 1:20 οὗ γάρ εἰσι δύο ἢ τρεῖς συνηγμένοι εἰς τὸ ἕμὸν ὄνομα, ἐκεῖ εἰμι ἐν μέσῳ αὐτῶν. *Want waar twee of drie in my Naam vergader, daar is Ek in hul midde.*) Gelowiges kom byeen om van Hom te hoor, soek tydens die byeenkoms na Sy wil. Meer as dit, waar die byeenkoms "in Sy naam" is, is Hy teenwoordig. Die Ou Testament eggo is duidelik hoorbaar. In Sy naam beteken Hy self manifesteer, Jesus self is teenwoordig by Sy mense.

Vervolging. Daar is ook ander betekenis moontlikhede van "in Sy naam". Dit kan wees dat lyding vir Sy Naam beteken dat jy vervolgd word om Jesus ontwil. Matteus 10:22 καὶ ἔσεσθε μισούμενοι ὑπὸ πάντων διὰ τὸ ὄνομά μου. *En julle sal deur almal gehaat word ter wille van my Naam.* Dit beteken dat vervolging om Sy naam beteken dat jy so met Hom identifiseer dat jy deur die wêreld en Satan gesien word as vyand. Identifikasie met Sy naam is om met die totale betekenis van Jesus Christus akkoord te gaan. Ons leer ook uit Handeling 5:41 (ὅτι ὑπὲρ τοῦ ὀνόματος αὐτοῦ κατηξιώθησαν ἀτιμασθῆναι - *bly dat hulle waardig geag was om vir sy Naam oneer te ly*) verwys na 'n manier of tegniese term vir die Christelike geloof.

Om dit prontuit te stel, om vir Sy Naam te ly is om as Christen te ly.

Gebed. Die stelling dat ons in Sy naam iets moet vra, kan nie simplisties verstaan of toegepas word nie. "In U naam" is nie 'n afsluitingsformule vir gebed nie. Dit is ook nie 'n magsformule wat beantwoording van gebed waarborg nie. Om in Sy naam iets te vra, word 'n groot verantwoordelikheid indien ons iets van die diepte van die term "in Sy naam" begin verstaan.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die term "in Sy naam" 'n magdom van betekenis inhou wat slegs deur versigtige eksegeese, wat die teks en konteks in ag neem, gedeeltelik kan ontsluit. Ons moet onthou dat die tegniese terme van "Deus absconditus" en "Deus revelatus" hier geld. God is tegelyk die verborge God en die God wat Homself openbaar, in die besonder in die naam Jesus Christus. God het besluit om deur onder andere Sy naam Homself aan ons te openbaar. God is baie meer as Sy openbaring. Ons het gelukkig Sy openbaring. Sy naam is Hy en Hy is Sy naam. Eer Sy naam, eer Hom

Ter wille van Sy naam: God se optrede ter wille van Sy Naam is in lyn met Sy openbaring en Sy geopenbaarde karakter. Om die naam van die Here aan te roep, is om Sy geopenbaarde aard te aanbid.